1. In hierdie Regulasies, tensy uit die samehang anders blyk, het 'n woord of uitdrukking wat in die Wet, die Wet op Nasionale Landvervoer en die e-Pad Regulasies omskryf word, dieselfde betekenis, en beteken –

"die Wet" die Wet op die Suid-Afrikaanse Nasionale Padagentskap Beperk en op Nasionale Paaie, 1998 (Wet Nr. 7 van 1998);

"e-Pad Regulasies" die e-Pad Regulasies, 2013 wat die Minister kragtens artikel 58(1)(dA) en (dC) van die Wet gemaak het;

"GDVP e-tolpaaie" die paaie wat vir die Gauteng Deurpad Verbeteringsprojek verklaar is soos gespesifiseer in die betrokke vrystellings en kortings wat deur die Minister of die Agentskap met betrekking tot daardie Projek gepubliseer het;

"Nasionale Landvervoerwet" die Nasionale Landvervoerwet, 2009 (Wet Nr. 5 van 2009);

“Nasionale Padverkeerswet” die Nasionale Padverkeerswet, 1996 (Wet Nr. 93 van 1996);

“vrygestelde aangepaste voertuig” ‘n motorvoertuig wat spesiaal vir gebruik deur, of om bestuur te word deur, persone met ongeskikthede, aangepas is;

“vrygestelde ambulans” ‘n ambulans wat as sulks kragtens die Nasionale Padverkeerswet geregistreer is en wat as ‘n ambulans gemerk is en wat deur die Agentskap kragtens artikel 27(1)(c) van die Wet van die aanspreeklikheid om e-tol op ‘n e-pad of enige deel van ‘n e-pad te betaal, vrygestel is;

“vrygestelde brandbestrydingsvoertuig” ‘n brandbestrydingsvoertuig wat as sulks kragtens die Nasionale Padverkeerswet geregistreer is en wat as ‘n brandbestrydingsvoertuig gemerk is en wat deur die Agentskap kragtens artikel 27(1)(c) van die Wet van die aanspreeklikheid om e-tol op ‘n e-pad of enige deel van ‘n e-pad te betaal, vrygestel is;

“vrygestelde nood-mediese reaksievoertuig” ‘n vrygestelde nood-mediese reaksievoertuig wat slegs vir mediese reaksiedoeleindes gebruik word en as sulks kragtens die Nasionale Padverkeerswet, 1996 (Wet Nr. 93 van 1996) geregistreer is en wat deur die Agentskap kragtens artikel 27(1)(c) van die Wet van die aanspreeklikheid om e-tol op ‘n e-pad of enige deel van ‘n e-pad te betaal, vrygestel is;

“vrygestelde NSO-voertuig” ‘n motorvoertuig wat deur ‘n kwalifiserende nie-staatsorganisasie (NSO) gebruik word om persone met ongeskikthede te vervoer of vir doeleindes van gesondheidsorg, weldaad of medemenslikheid, of onderwys en ontwikkeling en wat deur die Agentskap kragtens artikel 27(1)(c) van die Wet van die aanspreeklikheid om e-tol op ‘n e-pad of enige gedeelte van ‘n e-pad te betaal, vrygestel is;

“vrygestelde openbare vervoervoertuig” ‘n voertuig wat ‘n openbare vervoerdiens verskaf en wat deur die Agentskap kragtens artikel 27(1)(c) van die Wet van die aanspreeklikheid om e-tol op ‘n e-pad of enige gedeelte van ‘n e-pad te betaal, vrygestel is; en

“vrygestelde OSW-voertuig” ‘n motorvoertuig wat deur ‘n kwalifiserende organisasie sonder winsoogmerk (OSW) gebruik word om persone met ongeskikthede te vervoer of vir doeleindes van gesondheidsorg, weldaad of medemenslikheid, of onderwys en ontwikkeling en wat deur die Agentskap kragtens artikel 27(1)(c) van die Wet van die aanspreeklikheid om e-tol op ‘n e-pad of enige gedeelte van ‘n e-pad te betaal, vrygestel is;

“vrygestelde reddingsvoertuig” ‘n reddingsvoertuig wat slegs vir doeleindes van die redding van persone gebruik word wat as ‘n reddingsvoertuig kragtens die Nasionale Padverkeerswet geregistreer is en deur die Agentskap kragtens artikel 27(1)(c) van die Wet

van die aanspreeklikheid om e-tol op 'n e-pad of enige gedeelte van 'n e-pad te betaal, vrygestel is, en

“vrygestelde verkeersbeampte-voertuig” 'n voertuig wat deur 'n verkeersbeampte soos omskryf in artikel 1 van die Nasionale Padverkeerswet gebruik word en as 'n verkeersbeampte-voertuig gemerk is en deur die Agentskap kragtens artikel 27(1)(c) van die Wet van die aanspreeklikheid om e-tol op 'n e-pad of enige gedeelte van 'n e-pad te betaal, vrygestel is.

Inligting wat benodig word en prosedures wat met betrekking tot vrygestelde openbare vervoervoertuie van toepassing is

2. (1) Iemand wat 'n motorvoertuig as 'n vrygestelde openbare vervoervoertuig registreer moet die Agentskap voorsien van–

- (a) die inligting beoog in die aangehegte Aanhangel A en op die wyse voorgeskryf deur die Agentskap, deur sodanige Aanhangel te voltooi en die voltooide Aanhangel by 'n e-tol kliëntedienssentrum tesame met die dokumente in sub-regulasie (4) vereis, in te dien; en
- (b) 'n onderneming om te voldoen aan–
 - (i) die registrasievoorwaardes insoverre dit op vrygestelde openbare vervoervoertuie van toepassing is; en
 - (ii) die e-Pad Regulasies.

(2) Die gebruiker van 'n vrygestelde openbare vervoervoertuig op 'n e-pad wat die vrygestelde openbare vervoervoertuig gebruik vir doeleindes of in omstandighede anders as dié waarvoor die vrystelling toegestaan is, is aanspreeklik om e-tol vir die toepaslike kategorie van gebruiker te betaal asof die vrystelling nooit toegestaan is nie.

- (3) Met betrekking tot registrasie en die voltooiing van die Aanhangel moet–
 - (a) 'n Gesertifiseerde afskrif van die huidige motorvoertuig-lisensiesertifikaat vir elke motorvoertuig tesame met die Aanhangel ingedien word;
 - (b) in die geval van 'n gelede motorvoertuig, 'n gesertifiseerde afskrif van die bedryfslisensie of permit of ander besonderhede vir beide die voorspanmotor en die leunwa aan die Agentskap verskaf word; en

- (c) vervoer na 'n depot of opslagplek waar die vrygestelde openbare vervoervoertuig gehou word wanneer dit nie gebruik word nie (wat positioneringsritte genoem word) ook op die kaart wat as 'n aanhangsel by die Aanhangsel aangeheg is, aangedui word.
- (4) Die volgende dokumente moet die Aanhangsel vir registrasie van 'n vrygestelde openbare vervoervoertuig vergesel:
- (a) 'n Gesertifiseerde afskrif van die bedryfslisensie of permit wat vir die betrokke voertuig in terme van die Nasionale Landvervoerwet uitgereik is, of wat deur daardie Wet erken word, of in die geval van 'n gekontrakteerde diens soos in die Nasionale Landvervoerwet omskryf, 'n gesertifiseerde afskrif van die kontrak, soos in daardie Wet omskryf, indien van toepassing;
- (b) 'n gesertifiseerde afskrif van die huidige motorvoertuig-lisensiesertifikaat vir elke voertuig; en
- (c) die aanhangsel by die aangehegde Aanhangsel A wat die roetes aantoon wat deur die vrygestelde openbare vervoervoertuie gebruik sal word.
- (5) Wanneer 'n e-pad gebruik word waarop 'n vrystelling aan 'n vrygestelde openbare vervoervoertuig toegestaan is, moet die persoon wat die vrygestelde openbare vervoervoertuig bestuur of gebruik te alle tye in besit wees van die nodige bedryfslisensie of permit soos deur artikel 50(1) van die Nasionale Landvervoerwet vereis word, waarvan die oorspronklike of 'n duplikaatoorspronklike in die voertuig vir inspeksie beskikbaar moet wees uit hoofde van regulasie 23(b) van die Nasionale Landvervoerregulasies, 2009 wat kragtens die Nasionale Landvervoerwet gepromulgeer is.

Inligting benodig en prosedures van toepassing met betrekking tot vrygestelde ambulanse, vrygestelde verkeersbeampte-voertuie, vrygestelde brandbestrydingsvoertuie, vrygestelde reddingsvoertuie en vrygestelde nood-mediese reaksievoertuie

3. (1) Iemand wat 'n voertuig as 'n vrygestelde ambulans, vrygestelde verkeersbeampte-voertuig, vrygestelde brandbestrydingsvoertuig, vrygestelde reddingsvoertuig of vrygestelde nood-mediese reaksievoertuig registreer moet die Agentskap voorsien van—

- (a) die inligting in die aangehegde Aanhangsel A beoog asook die dokumente beoog in sub-regulasie (2) met betrekking tot elke voertuig, deur sodanige

Aanhangsel te voltooi en die voltooide Aanhangsel by die Agentskap in te dien, tesame met die voertuigidentifikasienommer en die datum van uitreiking van die huidige lisensiesertifikaat vir elke voertuig; en

- (b) met 'n onderneming om te voldoen aan die registrasievoorwaardes van sodanige voertuie, en die e-Pad Regulasies.

(2) 'n Gesertifiseerde afskrif van die huidige motorvoertuig-lisensiesertifikaat vir elke sodanige voertuig moet by die aansoek ingedien word.

(3) Die gebruiker van 'n vrygestelde voertuig beoog in sub-regulasie (1) op 'n e-pad en wat die voertuig vir doeleindes of in omstandighede anders as waarvoor die vrystelling toegestaan is, gebruik, is aanspreeklik om e-tol vir die toepaslike kategorie van gebruiker te betaal asof die vrystelling nooit toegestaan is nie.

Inligting benodig en prosedures van toepassing met betrekking tot vrygestelde aangepaste voertuie

4. (1) Iemand wat 'n voertuig as 'n vrygestelde aangepaste voertuig registreer moet die Agentskap voorsien van—

- (a) bewys dat die voertuig deur 'n persoon of persone wat kwalifiseer as 'n persoon met fisiese ongeskikthede gebruik sal word, synde persone wat langtermyn fisiese gebreke het wat, in samewerking met ander stremminge, hulle volle en doetreffende deelname in die samelewing op 'n gelyke basis met ander persone kan strem; en
- (b) 'n sertifikaat van 'n mediese praktisyn geregistreer by die Gesondheidpraktisynsraad van Suid-Afrika, tesame met 'n ongeskiktheidsvraestel wat sertifiseer dat die persoon onder paragraaf (a) kwalifiseer.

(2) Iemand wat 'n voertuig kragtens sub-regulasie (1) registreer moet die aangepaste voertuig aan die Agentskap of sy agent voorlê vir inspeksie op 'n tyd en by 'n plek wat die Agentskap vasstel en aan daardie persoon bekend gemaak is.

(3) Iemand wat 'n voertuig as 'n vrygestelde aangepaste voertuig registreer moet die Agentskap voorsien van—

- (a) die inligting beoog in die aangehegde Aanhangel A met betrekking tot elke voertuig, deur sodanige Aanhangel te voltooi en dit aan die Agentskap te voorsien; en
 - (b) 'n onderneming om aan die voorwaardes van registrasie, insoverre dit op aangepaste vrygestelde voertuie van toepassing is, en die e-Pad Regulasies, te voldoen.
- (4) 'n Gesertifiseerde afskrif van die huidige motorvoertuig-lisensiesertifikaat vir elke aangepaste voertuig moet saam met die aansoek ingedien word.
- (5) Die gebruiker van 'n vrygestelde aangepaste voertuig op 'n e-pad wat die voertuig vir doeleindes of in omstandighede anders as waarvoor die vrystelling toegestaan is, gebruik, is aanspreeklik om e-tol vir die toepaslike kategorie van gebruiker te betaal asof die vrystelling nooit toegestaan is nie.

Inligting benodig en prosedures van toepassing met betrekking tot vrygestelde NSO-voertuie en vrygestelde OSW-voertuie

5. (1) 'n Nie-staats organisasie (NSO) of organisasie sonder winsoogmerk (OSW) wat 'n voertuig as 'n vrygestelde NSO-voertuig of OSW-voertuig, soos die geval mag wees, registreer, moet die Agentskap voorsien van—

- (a) bewys dat die NSO of OSW deur die Suid-Afrikaanse Inkomstediens as 'n openbare welsynsinstelling kragtens artikel 30 van die Wet op Inkomstebelasting, 1962 (Wet Nr. 58 van 1962) goeagekeur is;
 - (b) bewys dat die NSO of OSW vir doeleindes van gesondheidsorg, persone met ongeskikthede, welsyns- of medemenslikheidsdoeleindes gestig is, of onderwys en ontwikkeling; en
 - (c) 'n geskrewe onderneming dat die voertuig deur die betrokke NSO of OSW gebruik sal word.
- (2) Iemand wat 'n voertuig as 'n vrygestelde NSO-voertuig of vrygestelde OSW-voertuig registreer moet die Agentskap ook voorsien van—
- (a) die inligting beoog in die aangehegde Aanhangel A, deur sodanige Aanhangel te voltooi en die voltooide Aanhangel by die Agentskap in te dien; en

(b) 'n onderneming om aan die voorwaardes van registrasie, insoverre dit op vrygestelde NSO-voertuie of vrygestelde OSW-voertuie, soos die geval mag wees, van toepassing is, en die e-Pad Regulasies, te voldoen.

(3) 'n Gesertifiseerde afskrif van die huidige motorvoertuig-lisensiesertifikaat vir elke vrygestelde NSO-voertuig en vrygestelde OSW-voertuig moet saam met die aansoek ingedien word.

(4) Die gebruiker van 'n vrygestelde NSO-voertuig of vrygestelde OSW-voertuig op 'n e-pad wat die voertuig vir doeleindes of in omstandighede anders as waarvoor die vrystelling toegestaan is, gebruik, is aanspreeklik om e-tol vir die toepaslike kategorie van gebruiker te betaal asof die vrystelling nooit toegestaan is nie.

Inligting benodig en prosedures van toepassing met betrekking tot korting vir persone wat persone met ongeskikthede vervoer

6. (1) Die eienaar van 'n voertuig wat persone met ongeskikthede vervoer en wat vir 'n korting kwalifiseer moet 'n registrasievorm vir die korting indien in die formaat getoon in Aanhangel B, en as die korting goedgekeur word moet sodanige eienaar 'n maandelikse eisvorm indien in die format getoon in Aanhangel C, en sal die korting as 'n afslag op die gebruiker se volgende maandelikse staat verskyn.

(2) Die vorm gemeld in sub-regulasie (1) moet insluit–

(a) 'n verklaring wat besonderhede van die ritte waar die persoon of persone met ongeskikthede vervoer is, bevestig;

(b) 'n verklaring dat die voertuig gebruik is om persone wat kwalifiseer as persone met ongeskikthede te vervoer, synde persone wat fisiese, geestelike, intellektuele of sintuiglike gebreke het wat, in samewerking met ander stremings, hulle volle en doetreffende deelname in die samelewing op 'n gelyke basis met ander persone kan strem, of 'n mediese toestand soos outisme, geestelike gesondheid, epilepsie of hardhorendheid en welke ongeskiktheid permanent is en funksionele mobiliteit kan strem; en

(c) besonderhede van die voertuig of voertuie soos op die vorm aangedui.

(3) Die vorm in sub-regulasie (1) vermeld moet saamgaan met 'n sertifikaat van 'n mediese praktisyn geregistreer by die Gesondheidpraktisynsraad van Suid Afrika, tesame met 'n ongeskiktheidsvraestel, wat sertifiseer dat die persoon onder sub-regulasie (2)(b) kwalifiseer.

(4) Die gebruiker van 'n voertuig waarop 'n korting betrekking het op 'n e-pad wat die voertuig vir doeleindes of in omstandighede anders as waarvoor die korting toegestaan is, gebruik, is aanspreeklik om e-tol vir die toepaslike kategorie van gebruiker te betaal asof die korting nooit toegestaan is nie.

Prosedures van toepassing by alle vrystellings

7. (1) Waar vrystelling deur die Agentskap van die betaling van e-tol op 'n bepaalde e-pad toegestaan is—

- (a) sal die persoon wat kies om 'n voertuig by die Agentskap te registreer, met 'n e-tag deur die Agentskap voorsien word vir elke voertuig, welke e-tag die metode sal wees om die voertuig waarvoor vrystelling verleen is, te identifiseer; en
- (b) sal 'n dokument wat die persoon wat by die Agentskap geregistreer is, identifiseer, deur die Agentskap uitgereik word, indien die Agentskap aldus besluit, welke dokument nie oordraagbaar is nie and wat in die voertuig of by die persoon of gebruiker gehou moet word wanneer 'n e-pad waarvoor vrystelling toegestaan is, gebruik word.

(2) Die e-tag wat deur die Agentskap vir elke vrygestelde voertuig uitgereik is—

- (a) moet by uitreiking daarvan by elke voertuig wat by die Agentskap geregistreer is, aangebring word op die wyse voorgeskryf in die Spesifikasie Regulasies wat deur die Minister ingevolge artikel 58(1)(dB) van die Wet uitgereik is; en
- (b) moet, sodat die voertuig van die betaling van tol vrygestel kan wees, by die betrokke voertuig of voertuie van die gebruiker, soos van toepassing, aangebring word wanneer 'n e-pad gebruik word: Met dien verstande dat sodanige vereiste egter nie van toepassing is op vrygestelde openbare vervoervoertuie nie, voor verstryking van die oorgangstydperk wat in die betrokke kennisgewing gemeld is wat in die Staatskoerant gepubliseer is om voorsiening te maak vir die vrystelling.

(3) Die persoon wat die voertuig by die Agentskap registreer en waarvoor vrystelling deur die Agentskap toegestaan is, moet—

- (a) binne 14 dae nadat sy of haar fisiese- of posadres, of enige van die besonderhede wat tydens registrasie aan die Agentskap verskaf is, verander

is, die Agentskap van sy of haar nuwe adres of sodanige nuwe besonderhede in kennis stel;

- (b) die Agentskap binne 24 uur in kennis stel nadat dit tot sy of haar kennis gekom het dat die motorvoertuig gesteel is;
- (c) inligting aangaande die vrygestelde voertuig wat te enige tyd in sy of haar besit was, aan enige bevoegde beampte soos in the Nasionale Landvervoerwet omskryf, verskaf, indien aldus versoek;
- (d) die Agentskap in kennis stel van enige verklaring dat die motorvoertuig ongeskik is vir diens binne 24 uur nadat die motorvoertuig aldus ongeskik verklaar is;
- (e) die Agentskap binne 24 uur in kennis stel indien die e-tag beskadig of gesteel is en weer vir 'n nuwe e-tag ingevolge die e-Pad Regulasies aansoek doen; en
- (f) verseker dat die nommerplate van die motorvoertuig wat hy of sy bedryf op die wyse voorgeskryf in regulasie 35 van die Nasionale Padverkeerregulasies, 2000, welke regulasies kragtens die Nasionale Padverkeerwet gemaak is, aangebring is, en dat dit te alle tye duidelik sigbaar is.

(4) Registrasie sal, behoudens sub-regulasie (9), vir drie jaar vanaf die datum van registrasie van die vrygestelde voertuig, geldig wees, waarna die registrasie verval en die persoon wat kies om die voertuig as 'n vrygestelde voertuig te registreer, by die Agentskap aansoek moet doen om hernuwing van die registrasie nie minder as 30 dae voor die registrasie sal verval, deur die aangehegte Aanhangsel A te voltooi en die benodigde besonderhede en dokumente aan die Agentskap te verskaf.

(5) Indien die voertuig wat vrygestel is en by die Agentskap in terme hiervan geregistreer is, gesteel, gesloop, verkoop of andersins vervreem word, of permanent vir diens ongeskik verklaar is, moet die persoon wat om registrasie aansoek gedoen het die Agentskap in kennis stel en die VLN verskaf of 'n e-tol kliëntedienssentrum telefoneer, soos beoog in die e-Pad Regulasies, onmiddellik nadat dit tot sy of haar kennis gekom het dat dit gesteel, gesloop, verkoop of andersins vervreem is, of permanent vir diens ongeskik verklaar is.

(6) Die persoon wat aansoek gedoen het om registrasie van die voertuig met betrekking waartoe vrystelling verleen is, moet die Agentskap binne 24 uur in kennis stel indien 'n voertuig wat by die Agentskap geregistreer is van eienaarskap verander of indien

aansoek gedoen word om die betrokke bydryfslisensie of permit oor te dra, of indien die bedryfslisensie of permit verval of gekanselleer word.

(7) Indien die persoon wat aansoek gedoen het om registrasie van die voertuig waarvoor vrystelling verleen is, kies om die voertuig met 'n ander voertuig te vervang en die nuwe voertuig ook nog kwalifiseer vir die vrystelling wat deur die Agentskap verleen is, moet die persoon wat aansoek gedoen het om registrasie van die voertuig aansoek doen om 'n e-tag vir die nuwe voertuig deur die aangehegde Aanhangel A te voltooi en 'n gesertifiseerde afskrif van die voertuiglisensiesertifikaat te verskaf, asook ander inligting wat die Agentskap benodig, en die registrasie sal nie op die nuwe voertuig van toepassing wees nie totdat die nuwe e-tag wat die Agentskap verskaf by die nuwe voertuig aangebring is op die wyse voorgeskryf in die Spesifikasie Regulasies en, in die geval van 'n vrygestelde openbare vervoervoertuig, totdat die nodige bedryfslisensie vir die nuwe voertuig verkry is.

(8) Die vrystelling sal nie van toepassing wees nie waar die vereistes van sub-regulasies (5), (6) en (7) nie nagekom is nie, en die gebruiker van die voertuig sal dan aanspreeklik wees om e-tol te betaal asof die vrystelling nooit toegestaan is nie.

- (9) Vrystelling van die aanspreeklikheid om tol te betaal verval as—
- (a) die e-tag vir 'n doel anders as met betrekking tot die doel waarvoor die vrystelling aan die vrygestelde voertuig verleen is, gebruik word;
 - (b) die voertuig wat vrygestel is van die betaling van e-tol 'n e-pad betree sonder dat die e-tag behoorlik by die voertuig aangebring is: Met dien verstande dat sodanige vereiste egter nie van toepassing is op vrygestelde openbare vervoervoertuie nie, voor verstryking van die oorgangstydperk wat in die betrokke kennisgewing gemeld is wat in die Staatskoerant gepubliseer is om voorsiening te maak vir die vrystelling;
 - (c) die persoon wat die voertuig gebruik of bestuur versuim om aan hierdie Regulasies of die e-Pad Regulasies te voldoen;
 - (d) die bedryfslisensie of permit, indien van toepassing, waarkragtens vrystelling verleen is, verval of om enige rede ingetrek of gekanselleer is;
 - (e) die voertuig waarvoor die vrystelling verleen is te eniger tyd nie behoorlik gelisensieer is nie of 'n geldige padwaardigheidsertifikaat nie vir die voertuig verkry is nie soos deur die Nasionale Padverkeerswet vereis; of

- (f) die persoon wat die voertuig gebruik of bestuur met 'n nommerplaat op sodanige voertuig peuter of dit skend, teenstrydig met die Nasionale Padverkeerswet.

(10) Waar iemand deur enige bepaling van hierdie regulasies vervat verplig is om die Agentskap kennis te gee van enige gebeurlikheid of vir die doel om aan enige bepaling van hierdie regulasies te voldoen, moet sodanige kennis gegee word deur of die inbelsentrum te kontak of deur die e-tol kliëntedienssentrum te besoek, of op enige ander wyse van kennisgewing wat op die webwerf, soos in die e-Pad Regulasies omskryf, aangedui word.

Vereistes vir eienaar van voertuig waarvoor 'n korting geëis word

8. Om die korting beoog in regulasie 6 te eis, moet die eienaar van die voertuig—
- (a) 'n geregistreerde gebruiker wees soos omskryf in die e-Pad Regulasies;
 - (b) 'n e-tag vir die voertuig bekom het en dit by die voertuig aangebring het, en
 - (c) ten volle voldoen het aan die e-Pad Regulasies.

Herroeping van regulasies

9. Die Regulations oor Vrystelling van die Betaling van Tol, 2013 publiseer onder kennisgewing R.741 van 9 Oktober 2013 word hiermee herroep.

Korttitel en inwerkingtreding

10. Hierdie Regulasies heet die Regulasies oor Vrystelling van en Kortings op die Betaling van Tol, 2016 en tree in werking op die datum wat dit in die *Staatskoerant* gepubliseer is.

Aanhangsel A

LOGO

SUID-AFRIKAANSE NASIONALE PADAGENTSKAP MSB BEPERK (SANRAL)
WET OP DIE SUID-AFRIKAANSE NASIONALE PADAGENTSKAP BEPERK EN OP
NASIONALE PAAIE, 1998 (WET Nr. 7 VAN 1998)

GAUTENG DEURPAD VERBETERINGSPROJEK (GDVP): REGISTRASIEVORM

DEEL A: MOET DEUR PERSONE WAT VRYGESTELDE OPENBARE
VERVOERVOERTUIG GEBRUIK OF BESTUUR, VOLTOOI WORD

1. Besonderhede:

Volle name en van van persoon, of volle naam van maatskappy, vennootskap, korporasie of ander regsenteit:

.....

Posadres en kode:

Straatadres indien verskillend van posadres:

Telefoonnommer(s) :

Faksnommer :

E-pos adres :

Naam van verantwoordelike persoon in die geval van 'n regspersoon:

.....

Vereniging waarvan die aansoeker 'n lid is (indien van toepassing):

.....

2. Soort identifikasie (heg gesertifiseerde afskrif aan):

RSA Identiteitsdokument		Tydlike identiteitsertifikaat	
Paspoort		Buitelandse identiteitsdokument	
Stigtingsverklaring		Inlywingsertifikaat	
Memorandum van verstandhouding		Vennootskapsooreenkoms	

3. Besonderhede van bedryfslisensie of permit vir elke voertuig (heg gesertifiseerde afskrif aan):

Voertuig 1

Bedryfslisensie-/permitnommer:

Voertuiglisensienommer soos dit op die bedryfslisensie/permit verskyn

Reguleringsentiteit wat die lisensie of permit uitgereik het:

Uitreikingsdatum: Vervaldatum:

Voertuig 2

Bedryfslisensie-/permitnommer:

Voertuiglisensienommer soos dit op die bedryfslisensie/permit verskyn

Reguleringsentiteit wat die lisensie of permit uitgereik het:

Uitreikingsdatum: Vervaldatum:

Voertuig 3

Bedryfslisensie-/permitnommer:

Voertuiglisensienommer soos dit op die bedryfslisensie/permit verskyn

Reguleringsentiteit wat die lisensie of permit uitgereik het:

Uitreikingsdatum: Vervaldatum:

Voertuig 4

Bedryfslisensie-/permitnommer:

Voertuiglisensienommer soos dit op die bedryfslisensie/permit verskyn

Reguleringsentiteit wat die lisensie of permit uitgereik het:

Uitreikingsdatum: Vervaldatum:

Voertuig 5

Bedryfslisensie-/permitnommer:

Voertuiglisensienommer soos dit op die bedryfslisensie/permit verskyn

Reguleringsentiteit wat die lisensie of permit uitgereik het:

Uitreikingsdatum: Vervaldatum:

Voertuig 6

Bedryfslisensie-/permitnommer:

Voertuiglisensienommer soos dit op die bedryfslisensie/permit verskyn

Reguleringsentiteit wat die lisensie of permit uitgereik het:

Uitreikingsdatum: Vervaldatum:

*As meer voertuie betrokke is verskaf asseblief besonderhede op 'n aparte vel.***4. Soort diens:**

'n Minibus taxi-tipe diens soos omskryf in artikel 1 van die Nasionale Landvervoerwet, 2009 (Wet Nr. 5 van 2009) (NLVW) waar die diens vir pendeldoeleindes bestem is soos in the NLVW omskryf insluitende die vervoer van skoliere en privaat kontrakpasassiers ("charter services") waar sodanige vervoer deur dieselfde bedryfslisensie of permit wat die pendeldienste magtig, gemagtig is (die woordomskrywing lees as volg: "minibus taxi-tipe diens" beteken 'n ongeskeduleerde openbare vervoerdiens wat op 'n spesifieke roete of roetes bedryf word, of waar van toepassing, binne 'n spesifieke gebied deur middel van 'n motorkar, minibus of midibus") en waar sodinige diens op paaie wat die GDVP paaie insluit, gelewer word;	
'n Gekontrakteerde diens, synde 'n diens deur voertuie verskaf wat uit hoofde van 'n kontrak met 'n kontrakterende owerheid beoog in artikel 56 van die NLVW verskaf word en waar sodinige diens op paaie wat die GDVP tolpaaie insluit, verskaf word;	
'n Geskeduleerde openbare pendelvervoerdiens, d.w.s. 'n gereelde, daaglikse geskeduleerde openbare vervoerdiens wat ingevolge 'n rooster op die GDVP tol paaie bedryf word, met insluiting van die vervoer van skoliere en privaat-kontrakpassiers ("charter services") waar sodanige vervoer deur dieselfde bedryfslisensie of permit wat die pendeldienste magtig, gemagtig is;	
'n Skolierdiens, synde 'n toegewese diens vir die vervoer van skoliere of studente op 'n daaglikse basis beoog in artikel 72 van die NLVW waarvoor 'n bedryfslisensie of permit in terme van die NLVW benodig word en waar sodinige diens op paaie wat die GDVP paaie insluit, verskaf word;	

5. Voertuigbesonderhede:

Enkelaansoek		Massa-aansoek	
--------------	--	---------------	--

Voertuig 1: Soort voertuig (soos in die NLVW omskryf):

Motorkar (minder as 10 persone insluitende die bestuurder)	
Minibus (10 - 16 persone insluitende die bestuurder)	
Midibus (17 - 35 persone insluitende die bestuurder)	
Bus (meer as 35 persone insluitended die bestuurder)	

Voertuiglisensienommer :

Soort voertuig :

Fabrikaat van voertuig:

Voertuig 2: Soort voertuig (soos in die NLVW omskryf):

Motorkar (minder as 10 persone insluitende die bestuurder)	
Minibus (10 - 16 persone insluitende die bestuurder)	
Midibus (17 - 35 persone insluitende die bestuurder)	
Bus (meer as 35 persone insluitended die bestuurder)	

Voertuiglisensienommer :

Soort voertuig :

Fabrikaat van voertuig:

Voertuig 3: Soort voertuig (soos in die NLVW omskryf):

Motorkar (minder as 10 persone insluitende die bestuurder)	
Minibus (10 - 16 persone insluitende die bestuurder)	
Midibus (17 - 35 persone insluitende die bestuurder)	
Bus (meer as 35 persone insluitended die bestuurder)	

Voertuiglisensienommer :

Soort voertuig :

Fabrikaat van voertuig:

Voertuig 4: Soort voertuig (soos in die NLVW omskryf):

Motorkar (minder as 10 persone insluitende die bestuurder)	
Minibus (10 - 16 persone insluitende die bestuurder)	
Midibus (17 - 35 persone insluitende die bestuurder)	
Bus (meer as 35 persone insluitended die bestuurder)	

Voertuiglisensienommer :

Soort voertuig :

Fabrikaat van voertuig:

Voertuig 5: Soort voertuig (soos in die NLVW omskryf):

Motorkar (minder as 10 persone insluitende die bestuurder)	
Minibus (10 - 16 persone insluitende die bestuurder)	
Midibus (17 - 35 persone insluitende die bestuurder)	
Bus (meer as 35 persone insluitended die bestuurder)	

Voertuiglisensienommer :

Soort voertuig :

Fabrikaat van voertuig:

Voertuig 6: Soort voertuig (soos in die NLVW omskryf):

Motorkar (minder as 10 persone insluitende die bestuurder)	
Minibus (10 - 16 persone insluitende die bestuurder)	
Midibus (17 - 35 persone insluitende die bestuurder)	
Bus (meer as 35 persone insluitende die bestuurder)	

Voertuiglisensienommer :

Soort voertuig :

Fabriek van voertuig:

As meer voertuie betrokke is verskaf asseblief besonderhede op 'n aparte vel.

6. Roetes waarvoor registrasie verlang word

Verduidelik asseblief en dui aan op die kaart wat hierby as 'n Aanhangel aangeheg is, die roete of roetes waarvoor openbare padvervoerregistrasie verlang word. Positioneringsritte (dit is ritte van die operateur se huis, depot of basis na die aanvangspunt van die rit of terug na die eindpunt van die rit) moet ook aangedui word. Die ritte moet deur 'n geldige bedryfslisensie of permit gemagtig wees waarvan die besonderhede in paragraaf 3 hierbo verskaf moet word.

DEEL B: MOET VOLTOOI WORD DEUR PERSONE WAT VRYGESTELDE VERKEERSBEAMPT-VOERTUIE, VRYGESTELDE AMBULANSE, VRYGESTELDE BRANDBESTRYDINGSVOERTUIE, VRYGESTELDE NOOD-MEDIESE REAKSIEVOERTUIE, VRYGESTELDE REDDINGSVOERTUIE OF VRYGESTELDE NSO OF OSW VOERTUIE GEBRUIK OF BESTUUR

1. Besonderhede:

Merk die toepaslike blokkie:

Gauteng Provinsiale Regering	
Stad van Johannesburg Metropolitaanse Munisipaliteit	
Stad van Tshwane Metropolitaanse Munisipaliteit	
Ekurhuleni Metropolitaanse Munisipaliteit	
Privaatambulans (meld operateur)	
Nood-mediese reaksievoertuig	
Reddingsvoertuig	

NSO voertuig	
OSW voertuig	

Posadres en kode:

Straatadres indien verskillend van posadres:

Telefoonnommer(s):

Faksnommer:

E-pos adres:

Volle name en van van kontakpersoon:

2. Besonderhede van voertuig(tuie)

Besonderhede van die voertuie waarvoor vrystelling verlang word, moet verskaf word op die Excel-strekblad wat deur die Agentskap voorsien is. Die doel waarvoor die voertuig gebruik word moet op die Excel-strekblad aangedui word.

DEEL C: MOET VOLTOOI WORD DEUR PERSONE WAT VRYGESTELDE AANGEPASTE VOERTUIE GEBRUIK OF BESTUUR

1. Besonderhede:

Volle name en van:

Posadres en kode:

Straatadres indien verskillend van posadres:

Telefoonnommer(s):

Faksnommer:

E-posadres:

2. Soort identifikasie (heg gesertifiseerde afskrif aan):

RSA Identiteitsdokument		Tydlike identiteitsertifikaat	
Paspoort		Buitelandse identiteitsdokument	

3. Voertuigbesonderhede

Voertuglisensienommer:

Soort voertuig:

Fabrikaat van voertuig:

Beskrywing van aanpassing:

Verklaring:

Ek, die ondergekeke (volle name en van)

.....

- (a) onderneem om te voldoen aan (i) die registrasievoorwaardes soos dit op vrygestelde voertuie van toepassing is, en (ii) die e-Pad Regulasies; en
- (b) sertifiseer dat die inligting verskaf op hierdie aansoekvorm waar en korrek is en doen hiermee aansoek om registrasie vir vrystelling van die betaling van e-tol in terme van die betrokke kennisgewings deur die Minister of die Agentskap gepubliseer.

Ek aanvaar dat as die inligting wat op hierdie aansoekvorm verskaf is gevind word vals te wees, die aansoek verwerp sal word.

.....
 Handtekening

.....
 Datum


Vir kantoorgebruik (voltooi te word deur SANRAL GORT-Operateur):

Aansoeknommer:

GORT vrystellingsnommer:

TAG-nommer:

Aanhangsel: Kaart van GDPV-roetes waarop aansoeker die verlangde roete of roetes waarvoor registrasie verlang word, asook posisioneringsroetes, moet aandui



Aanhangsel B

LOGO

SUID-AFRIKAANSE NASIONALE PADAGENTSKAP MSB BEPERK (SANRAL)
WET OP DIE SUID-AFRIKAANSE NASIONALE PADAGENTSKAP BEPERK EN
OP NASIONALE PAAIE, 1998 (WET Nr. 7 VAN 1998)

GAUTENG DEURPAD VERBETERINGSPROJEK (GDVP): REGISTRASIEVORM WAT VOLTOOI MOET WORD DEUR PERSONE WAT 'N KORTING OP DIE VERVOER VAN PERSONE MET ONGESKIKTHEDE EIS
--

1. Besonderhede van persoon wat die vervoer onderneem het:

Volle name en van:

Posadres en kode:

Straatadres indien verskillend van posadres:

Telefoonnummer(s):

Faksnummer:

E-posadres:

2. Soort identifikasie (heg gesertifiseerde afskrif aan):

RSA Identiteitsdokument		Tydlike identiteitsertifikaat	
Paspoort		Buitelandse identiteitsdokument	

3. Voertuigbesonderhede

Voertuig lisensienommer :

Soort voertuig:

Fabrikaat van voertuig:

4. Name en identiteitsnommers van die persone wat vervoer is:

.....

5. Beskrywing van ritte waar die persoon of persone met ongeskikthede vervoer is:

.....

As die spasie te klein is beskryf addisionele ritte asseblief op 'n aparte vel.

Ek sertifiseer dat die bogemelde voertuig(-tuie) deur myself gebruik is om persone met ongeskikthede te vervoer, synde persone wat langtermyn fisiese, geestelike, intellektuele of sintuiglike gebreke het wat, in samewerking met ander gebreke, hulle volle en doetreffende deelname in die samelewing op 'n gelyke basis met ander persone kan strem, of 'n mediese toestand soos outisme, geestelike gesondheid, vallende siekte of hardhorendheid, welke ongeskiktheid permanent is wat funksionele mobiliteit kan strem;

Heg 'n sertifikaat van 'n mediese praktisyn geregistreer by die Gesondheidpraktisynsraad van Suid Afrika, tesame met 'n ongeskiktheidsvraestel wat sertifiseer dat die person of persone onder die sertifikasie hierbo kwalifiseer, aan.

Verklaring:

Ek, die ondergetekende (volle name en van)

.....

- (a) onderneem om te voldoen aan (i) die registrasievoorwaardes soos dit op kortings van toepassing is, en (ii) die e-Pad Regulasies; en
- (b) sertifiseer dat die inligting verskaf op hierdie aansoekvorm waar en korrek is en doen hiermee aansoek om 'n korting op die betaling van e-tol in terme van die betrokke kennisgewings deur die Minister gepubliseer.

Ek aanvaar dat as die inligting wat op hierdie aansoekvorm verskaf is gevind word vals te wees, die aansoek verwerp sal word.

Handtekening

Datum

.....

.....

Vir kantoorgebruik (voltooi te word deur SANRAL GORT-Operateur):

Aansoeknommer:

GORT kortingnommer:

TAG-nommer:

Aanhangsel C

Indien die persoon wat die korting eis alreeds die voltooide Aanhangsel B met die vereiste mediese vraelys en sertifikaat ingedien het, moet maandelikse eise op die onderstaande vorm ingedien word. As die besonderhede gespesifiseer op Aanhangsel B verander het, moet SANRAL van die verandering in kennis gestel word deur besonderhede of vervangende dokumente saam met hierdie Aanhangsel C in te dien.

LOGO

**SUID-AFRIKAANSE NASIONALE PADAGENTSKAP MSB BEPERK (SANRAL)
WET OP DIE SUID-AFRIKAANSE NASIONALE PADAGENTSKAP BEPERK EN
OP NASIONALE PAAIE, 1998 (WET Nr. 7 VAN 1998)**

**GAUTENG DEURPAD VERBETERINGSPROJEK (GDVP): MAANDELIKSE
EISVORM WAT VOLTOOI MOET WORD DEUR PERSONE WAT 'N KORTING
OP DIE VERVOER VAN PERSONE MET ONGESKIKTHEDE EIS**

Neem asseblief kennis van die volgende:

- Eise kan net met berekking tot Klas A2 voertuie ingedien word
- Die eienaar van die voertuig moet by die Agentskap geregistreer wees en 'n e-tag by die voertuig aangebring het
- Moontlike korting tot die waarde van die drempelbedrag van R225 per maand per voertuig
- Dien hierdie vorm asseblief by SANRAL in:
Faks: (011) 083 3327 of e-pos: PublicTransport@tch.sa-etoll.co.za

1. Besonderhede:

Persoon wat vervoer is:	
Volle name	
Van	
ID/paspoortnr.	

Kontaknr.	
E-posadres	
Voertuigeienaar:	
Volle name	
Van	
ID/paspoortnr.	
Kontaknr.	
E-posadres	
e-Tolrekening van voertuigeienaar	
Kliënt ID	
Rekening ID	
e-Tagnommer	
Voertuigbesonderhede: Slegs Klas A2	
Voertuiglisensienommer	
Voertuigfabrikaat	
Voertuigmodel	

As meer as een persoon vervoer is verskaf besonderhede op 'n aparte vel

2. Datum van eis:

Datum: Van _____ tot _____.

3. Besonderhede van transaksies:

Heg aan asseblief 'n gedetailleerde transaksieverslag wat vanaf die e-Tolwebwerf verkry is: www.e-toll.co.za en merk die transaksies duidelik waar die voertuig gebruik is om 'n persoon of persone te vervoer wat in ooreenstemming met die definisie van ongeskiktheid kwalifiseer.

4. Verklaring:

I Ek, die ondergetekende, _____ (vul in volle name en van van persoon wat vervoer is/ of hulle voog), _____ (ID/paspoortnommer) verklaar hiermee dat hierdie transaksies/ of eise slegs vir die vervoer van myself/ of die gemelde vervoerde padgebruiker is en dat geen eise ingedien word vir ritte waar geen persoon met ongeskikthede vervoer is nie.

Handtekening van vervoerde
padgebruiker of voog

Datum:

Geteken te

Ek _____ (vul in volle name en van van bestuurder), _____ (ID nommer) verklaar hiermee dat dat hierdie transaksies/ of eise slegs vir die vervoer van myself/ of die gemelde vervoerde padgebruiker is en dat en dat geen eise ingedien word vir ritte waar geen persoon met ongeskikthede vervoer is nie.

Handtekening van bestuurder

Datum

Geteken te:

SLEGS VIR KANTOORGEBRUIK:

Verskeker asseblief dat die volgende waar is:	Merk met X
Aansoeker die gedetailleerde transaksieverslag ingedien het	
Getekende mediesepraktisyn-vraelys en -setifikaatvorm (by Aanhangsel B registrasievorm aangeheg)	

Voltooi asseblief die volgende:	
Aansoeker registrasieverwysing op databasis	
Eis goedgekeur (J/N)	

WARNING!!!

To all suppliers and potential suppliers of goods to the Government Printing Works

The Government Printing Works would like to warn members of the public against an organised syndicate(s) scamming unsuspecting members of the public and claiming to act on behalf of the Government Printing Works.

One of the ways in which the syndicate operates is by requesting quotations for various goods and services on a quotation form with the logo of the Government Printing Works. Once the official order is placed the syndicate requesting upfront payment before delivery will take place. Once the upfront payment is done the syndicate do not deliver the goods and service provider then expect payment from Government Printing Works.

Government Printing Works condemns such illegal activities and encourages service providers to confirm the legitimacy of purchase orders with GPW SCM, prior to processing and delivery of goods.

To confirm the legitimacy of purchase orders, please contact:

Renny Chetty (012) 748-6375 (Renny.Chetty@gpw.gov.za),

Anna-Marie du Toit (012) 748-6292 (Anna-Marie.DuToit@gpw.gov.za) and

Siraj Rizvi (012) 748-6380 (Siraj.Rizvi@gpw.gov.za)

Printed by and obtainable from the Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001
Contact Centre Tel: 012-748 6200. eMail: info.egazette@gpw.gov.za
Publications: Tel: (012) 748 6053, 748 6061, 748 6065